Van die redakteurs

ISH, ISHA ... EISJ!

Pieter Fourie

Johann Symington

Adam en Eva, man en vrou, pilaar en pilares ... eisj! Wanneer sal die verhouding tussen die twee geslagte tog eens en vir altyd uitgesorteer wees?

Die bestuur van hierdie verhouding bly een van die mees aktuele kwessies van ons tyd. Terwyl die meeste staatkundige ideologieë gelyke regte aan man en vrou toeken, en die gemeenskap toenemend vroue met leierskapposisies vertrou, en daar selfs nou tuisblymans is en hoofinkomstevroue, kry die kerk swaar om oral tot 'n gelyke erkenning van man en vrou in die amp te kom.

Ten minste een van die hoofstroomkerke in die wêreld het nog geen vroulike priesters nie, terwyl van die kleiner kerke, waaronder ook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, nog nie vroue tot al die ampte toelaat nie. Terwyl sommige kerke binnekort 'n oorwig van vroue as predikante sal hê (as die opleidingsinstansies se getalle iets sê), is daar ook nog biskoppe wat weier om 'n kerkvergadering by te woon net omdat een van sy biskopkollegas 'n vrou is. Ook binne die familie van NG Kerke word daar nie eners oor die vrou in die amp gedink nie. Dit sal seker in die eenwordingsgesprekke op die tafel moet kom.

Daarom is hierdie uitgawe van *Kruisgewys* aktueel. Hier praat 'n klompie kollegas, meesal vroue, oor die bediening en vertel hulle verhale. Op die agtergrond skemer daar oral iets deur van die stryd tot gelyke beregtiging en volledige aanvaarding, van ernstige voorbehoude en vals voorveronderstellings, van gebrek aan vertroue en die bevraagtekening van hulle bekwaamheid.

Maar daar is (Goddank!) óók die goue draad van aanvaarding, erkenning en 'n groeiende goeie broeder- (a, nee, a! kollega-) skap. Die tong en die mag van gewoonte laat baie manlike kollegas nog struikel. Daarom is een van die doelwitte van die kommunikasiestrategie van die NG Kerk die uitwissing van kwetsende en diskriminerende taalgebruik.

Alhoewel die pad "lank en swaar" is en daar "ál aan die een kant" swaar gedra word, kan die kerkie "met die hoepelbeen" tog al begin "kwassies swaai." Want die "rooirok voor die deur" word nie meer "drie keer op die kop" geslaan nie, dominee Pierewiet sorg vir "koffie in die kan", Dina word nie meer gesoek nie en les bes – Grietjie Slim hoef nie meer '"berg te klim" nie ... want "die son kom, ja die son kom op." Ons is al verby Plato wat gedink het slegte mans kom gereïnkarneer terug as vroue, en Tertullianus, die goeie ou kerkvader, wat heel gelukkig was om die eerste moeder Eva die skuld te gee vir die inlaat van Satan in die paradys en haar verantwoordelik te hou vir die jammerdal waarin ons nou met sweet moet kinders baar en brood verdien.

Vergeet die laaste paragraaf en sy lawwigheid en verdiep jou liewer in die narratiewe kant van die teologie!

Eisj. Lekker lees. En nog 'n eisj! Op ish en isha!

- ***Pieter Fourie*** *- Direkteur: Media (Bybel-Media)*
- ***Johann Symington*** *- Direkteur: Kommunikasie (NG Kerk)*